

Sessie 1 / 2020 (Week 6 Sept.)

Wat is God?

Julle ken mos die grammatika van dat vraagsinne gebruik 'wie' vir mense en 'wat' vir dinge. Die Here is beslis nie soos 'n mens nie, maar sekerlik wil ons hom ook nie as 'n ding beskou nie. Die regte opskrif vir hierdie leersessie sou eerder moes wees 'Wie is U?', maar ons wil mos ook meer weet wat God regtig is?

Van God kan ons seker wees Hy is 'n Skepper. Dis altans soos die Bybel begin. Alles begin en eindig by God. Al is God moeilik om te verklaar, weet ons ook dat Hy niks sonder rede doen nie. Die heelal en die aarde en lewe is 'n produk van God. Selfs die wetenskaplikes het al gekom by die insig dat daar iets meerdere is as ons wat hulle Bewussynlikheid noem.

God kan nie heeltemal geken of verstaan word vanuit ons perspektief nie. Ons weet dat die Here liefde is. Liefde kan ook verduidelik word as die teenoorgestelde van vrees, van bangheid. Vrees krap alles deurmekaar – ons noem dit wanorde. Liefde het weer die vrug dat dit alles beter maak – ons kan dit vergelyk met orde. Liefde is die teenoorgestelde van wanorde wat weer gelykgestel kan word aan die emosie van vrees.

In die trant word soms van God gepraat as 'n Godheid wat die menslike aspekte uit die naam verwyder. Wat ons kan aflei, is dat God subjektief (Geestelik) is en volledig die teenoorgestelde van wanorde en vrees. Dit moet ook beskou word teen die agtergrond dat God die mens as sy verteenwoordigers op aarde geskep het. God is alles wat ordelik is en die groot voorbeeld waarna ons moet streef om te wees – Liefde.

Nog 'n prentjie (Eksodus 3) van die Here kry ons toe Moses by die brandende bos vir God gevra het wat/wie Hy is? Die antwoord wat Moses kry, is dat God homself benoem as die 'Ek is (wat) Ek is'. In meer duidelike Afrikaans sou ons 'n woord moet skep om dit te verklaar: God is issende, oftewel God is eenvoudig nèt. Tog kom daar 'n element van dinamika by die begrip 'Ek is': Die realm van God is dinamies ontwikkelende, maar dis buite tyd of ruimte wat in 'n mate vergelyk kan word met wat ons met begrippe soos informasie, digitaliteit en kompleksiteit verstaan.

God is nie in 'n vaste vorm nie. Tog kan Hy sy seun, Jesus Christus, soos 'n mens laat werklikheid word. Ons noem dit 'n inkarnasie soos dat iets van God wat nie gesien kan word nie, nou wel met ons sintuie waargeneem kan word. In die Evangelie volgens Johannes – in die hoëpriesterlike gebed (hfst. 17) sê Jesus weer ons kan so in Hom wees

soos Hy in God die Vader is. Dit wys weer dat daar 'n geestelike brug tussen ons en God bestaan. Daar is 'n nie-sintuiglike hegting tussen God en die mens.

Met inkarnasie word bedoel dat iets objektief (fisies soos die mens) gevul is met God se Gees wat subjektief (soos die gees) is. Ons kan wonder of Jesus gewone mens was gevul met God se Gees óf dan 'n ietsie van God se Gees wat 'n liggaam gekry het? Volgens Jesus se uitsprake is Hy 'n voorbeeld van hoe die mens regtig is – wat anders is as wat ons baie keer dink. Tog is Jesus meer spesiaal as dit aangesien Hy as God se eersgebore 'Seun' beskou word, terwyl die mens as God se ander kinders beskou word. God se Seun is die tweede deel van die Drie-Enige God.

Die skeppings tekste in Genesis wys dat die mens soos 'n afskaduwing van God is. Die teologie rondom hierdie aspekte kan baie akademies en abstrak word. Dis beter om dit eenvoudig te hou: Die mens is in die nie-sigbare dinge bietjie soos God. Dit is hoekom dit 'n afskaduwing genoem word – ons is in beeldspraak soos God wat nie gesien kan word nie se skaduwee wat wel gesien kan word, maar nie solied is nie. Die hoofpunt hier is dat God se Gees, wat ons kan vergelyk met God se bewussyn of gedagtes, in sy skepping betrokke is. Die Here se Gees is dan die derde deel van die Drie-Enige God.

Dit is oor al hierdie insigte dat ons dan van God, as die Skepper, praat as die Drie-Enige God: God, die Vader; God wat sy werklikheid bekend maak deur sy Seun as Jesus; en God die Heilige Gees as sy bewussyn wat sy gedagtes aanbied. Meer eenvoudig kan ons dit verstaan dat God soos 'n Vader vir ons in verstaanbare omstandighede wys wat Hy is deur sy Seun wat soos 'n mens geword; Ons is ook in verbinding met God deur sy Gees soos 'n pa met sy kinders kommunikeer. Ons kan al hierdie dinge weet ook vanuit die Woord van God – wat ons ook ken as die Bybel. God se gedagtes aan ons word bymekaargevoeg in die werking van Jesus as voorbeeld en die Heilige Gees wat ook in 'n geskrewe vorm - die Bybel - gebied word.

Ons nie-sintuiglike en dus subjektiewe werklikheid kan baie beter verstaan word deur meer te begryp van die skepping en van die mens – beide wat as baie fisies-objektief beleef word. Dit is die volgende twee lesse. Die primêre insig uit vandag se les is dat God ook Homself bekend maak as ons Vader. Dit beteken ook dat ons almal God se kinders is. As jy jou hele lewe deur teenoor God optree asof Hy jou ewige almagtige alwetende Vader is en jy sy ewige en geliefde kind is, sou dit 'n baie goeie basis wees om van jou lewe 'n sukses te maak. Om dit regtig reg te kry, het jy die hulp van God se insprake deur sy Woord deur die Bybel en Heilige Gees.